Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Julie 2012

Ruimte vir almal

Lees binne...

- **Gelukkig leef in God Drie-enig se wye ruimte** – 1
- **Kairosgebeure** – 2
- **God is die maatstaf** – 3
- **'n Leer- of lewenskwessie?** – 7

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Gelukkig leef in God Drie-enig se wye ruimte (Ds Tanya van Wyk)
  Voornemende teologiestudente
- Bl 2 **Van die redakteur, dr André Ungerer**
  Kairosgebeure
- Bl 3 **Aktuele sake**
  God is die maatstaf (Dr Christo Pretorius)
  Vakature vir pleegouers in die DPS-huis Rustenburg
- Ble 4-5 **Kerkwerf**
  'n Wyle in Gemeente Vaalharts (Ds Johan du Toit)
  Dankie vir uitsonderlike diens
  Predikant hertoegelaat
  Gemeente Philadelphia Fietstoer
  Beroepe aanvaar
  Méér as kos en klere (Roux van der Merwe)
  Emerituspredikant oorlede
  Vriend van die Hervormde Kerk oorlede
  Diploma in Himnologie
- Ble 6-7 **Aktuele sake**
  Kan die Kerk restitusie-eise verwag? (Ds Etienne Fourie)
  Preekgeleenthede
  'n Leer- of lewenskwessie? (Prof Piet Geyser)
  Die Kommissie van die AKV oor die Staat van Belydenis
- Agterblad **Oordenking**
  Tel jou seëninge! (Ds Johan Bezuidenhout)

Kairosgebeure

Dr André Ungerer, redakteur, skryf dat die boodskap op die buiteblad, *Ruimte vir almal*, tans net 'n hersenskim blyk te wees. Op 2 Junie 2012 het sowat 370 Hervormde lidmate en 40 Hervormde predikante (*Beeld* 4 Junie) 'n Staat van Belydenis in die kerkgebou van Meyerspark onderteken. Hierdie gebeure herinner aan die *status confessionis* wat die destydse World Alliance of Reformed Churches (WARC) in 1982 onder andere teen die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aanvaar het. In 1982 was die hoofaanklag, eenvoudig gestel, die Hervormde Kerk se instemming met apartheid. In 2012 (30 jaar later) word daar weer 'n s*tatus confessionis*, hierdie keer deur eie lidmate, teen die Hervormde Kerk aanvaar. Nogeens is die saak van apartheid die aanhitser tot die 7 sake wat in die staat van belydenis verwoord word. Twee aanklagte van dwaalleringe teen die NHKA uit twee verskillende oorde – so ver soos die noordpool van die suidpool verwyder.

Die volgende uitspraak in die Staat van Belydenis: *Dit is ons oortuiging dat ons nou by hierdie punt in die geskiedenis van die NHKA gekom het*, herinner aan wat soms beskryf word as 'n kairosoomblik. Die antieke Grieke het twee begrippe vir tyd gehad, naamlik *kronos* en *kairos*. Kronostyd is 'n aanduiding van die gewone tydsverloop, vandaar die begrip kronologies wat neerkom op 'n rangskikking van feite, voorvalle, ensovoorts, in tydsorde (HAT). 'n Kairosoomblik kom neer op ingrypende en betekenisvolle gebeure – goed of sleg – wat jou lewe dienooreenkomstig verander.

Die lang kronologiese aanloop tot 2 Junie 2012 sal deur historici deeglik gerangskik word op grond van die hoofmomente wat plaasgevind het. Oor die feite sal daar sekerlik verskil word. Oor een gebeure sal daar waarskynlik nie verskil word nie, naamlik dat die Staat van Belydenis 'n kairosoomblik in die geskiedenis van die Hervormde Kerk is. Vir party is dit goed, vir ander sleg. Die feit is, dit gaan die Hervormde Kerk ingrypend verander, en hierdie Kairosgebeure is gewis uiters sleg vir die beeld van die Kerk. Wat tans gebeur, herinner aan Galasiërs 5: 15: *Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie.* Die Kerk is teen wil en dank in 'n onverkwiklike stryd ingetrek wat niks anders as 'n verloorstryd gaan wees nie, terwyl die letsels van hierdie stryd altyd aan die liggaam van Christus sigbaar sal wees.

****

Gelukkig leef in God Drie-enig se wye ruimte

Ds Tanya van Wyk vra: Wat is geluk? Die teoloog Vincent Brümmer meen geluk is vir die meeste mense rykdom en roem, maar nie net in 'n fisiese sin van baie geld of bekendheid nie. Geluk is ook die rykdom om jouself te ken en die erkenning (roem) deur ander van die *werklike jy*. Mense leer mekaar egter net ken in verhouding. En slegs wanneer die een in die verhouding die ander se belange sy of haar *eie maak*, is daar sprake van 'n liefdevolle kameraadskap, waarin ek die *werklike jy* erkenning gee en waardeer, en jy die *werklike ek* erkenning gee en 'n *wye ruimte* gee om in te bestaan. Hierdie liefdevolle kameraadskap maak ons ryk. Dit bied ons *roem*. Omdat ons as mense egter feilbaar en swak is, is ons dikwels nie in staat om die ander se belange ons eie te maak nie. Ons bring bloot dit wat vir jou belangrik is *in lyn* met dit wat vir my belangrik is – solank dit vir ons albei voordele inhou. Dit is egter nie 'n liefdevolle kameraadskap nie. Dit is 'n transaksie wat verby sal wees as daar nie meer voordele aan verbonde is nie.

Om in hierdie kameraadskap te lewe, is slegs moontlik as ons 'n *hartsverandering* ondergaan. Ons kan hierdie hartsverandering nie op ons eie regkry nie. Ons liefdevolle kameraadskap met mekaar is slegs moontlik op grond van ons liefdevolle kameraadskap met God, en God s'n met ons. Maar tog is ons *self* nie in staat om eers in hierdie kameraadskap te tree nie, op grond daarvan dat ons sukkel om die belange van God (die wil van God) ook *ons wil* te maak. Op die pad van ons keuse om God se wil my eie wil te maak (ons *hartsverandering*), is daar struikelblokke: die (on)besef van my eie gebrekkigheid, die (on)gewilligheid tot selfopoffering en die (on)vermoë om dankie te sê – dit lees ons reeds in die Heidelbergse Kategismus.

God help ons egter op drie maniere om hierdie struikelblokke te oorkom: God **skep** ons om in verhouding met mekaar in 'n wye ruimte te lewe; God **openbaar** Godself as liefdevol en vergewend; en God **fluister** by ons harte in en verlig ons harte sodat ons God se wil kan kies. God, Drie-enig = Skepper, Verlosser, Verligter.

****

God is die maatstaf

Dr Christo Pretorius skryf oor die morele toestand van die Suid-Afrikaanse samelewing – of die gebrek daaraan. Nalatige padgedrag, asook ons waarneming en ervaring van kinder- en plaasmoorde, korrupsie, trogpolitiek, bendeverkragting, vuisklap en kopstamp op die sportveld is 'n aanduiding dat die morele kompas tussen goed en sleg, reg en verkeerd, behoorlik en onbehoorlik, sonder rigting is.

Die Christen se sedes begin allereers by die openbaring van God. Daarin ontdek ons: Teenoor Gód is ons sondig, maar deur Jesus Christus verlos en uit dankbaarheid leef ons uit liefde teenoor Christus. Of anders gevra: God het ons eerste liefgehad in Christus, hoe het ons Hom lief?

Uit dankbaarheid gehoorsaam die gelowige God se gebooie. Deuteronomium 22 kan as verbesondering of aktualisering hiervan verklaar word. Die volk Israel bevind hulle op die grens; die beloftes van God, die beloofde land, neem gestalte aan, en nou moet gehoorsaamheid gestalte kry.

Dit kom op die volgende neer: Apatie en onbetrokkenheid is nie deel van die gelowige se lewe nie; ander se ruimte en lewenstog moet met verantwoordelikheid behandel word; vir die omgang met lewensmiddele moet aan God verantwoording gedoen word, want van alles is Hy die maatstaf – op die rugbyveld, in die Parlementsbank en op pad na 'n flikkerende oranje verkeerslig.

****

Die onrus in die Kerk

Lees die volgende artikels:

- Kan die Kerk restitusie-eise verwag? (Ds Etienne Fourie)
- ’n Leer- of lewenskwessie? (Prof Piet Geyser)
- Die Kommissie van die AKV oor die Staat van Belydenis

****

Ander berigte

Daar is ook berigte oor emerituspredikant ds Johan en mev Rina du Toit se brugbediening in **Gemeente Vaalharts**, die onlangse **VTT-byeenkoms**, twee predikante wat oorlede is, en ’n predikant wat tot die evangeliebediening hertoegelaat is. **Ds Johan Bezuidenhout** van Ermelo-Suid moedig ons in die Oordenking aan om ons seëninge te tel.